VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Do	05/09	**Elna Visagie,** Wyk 5
Vr	06/09	**Jane Coetsee (87),**Wyk 6
		Schalk Engelbrecht, Wyk 4
Sa	07/09	**Suzie Marais,** Wyk 6
		Mynhardt van der Berg. Wyk 10

Bede met meelewing: Psalm 121: 4.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: Gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, minute noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 28 Sondag 1 September 2024
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan om15:30:
Ouderlinge: Wyk 3 is **vakant** en Wyk 4 **Gideon Wentink.**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **Coetzer Stoop.**
Skinkbeurt: Wyke 7 & 8. Marli Nortjé en Marié Badenhorst

EREDIENSTE

Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 16:1-13 (AFR'20)
Fokusverse: 1 Samuel 16:7b.
TEMA: *"... maar die HERE kyk na die hart."*
Sing: Psalm 43:2, 3, 4; Psalm 18:1, 2, 11; Psalm 19:6, 7; Psalm 38:8; Psalm 139:1, 12; Skrifberyming 8-1:1, 2 (14).
Bede met meelewing: Psalm 121: 4.

AAND: Woordbediening: Romeine 10. **Fokusverse:** Romeine 10:18-21.
TEMA: *"Elke mens se antwoord op die goeie boodskap, het ewigheidsimplikasies."*
Sing: Skrifberyming 11-1: 3, 5, 6, 8 (22); Psalm 95:1, 4, 5; Skrifberyming 15-2:1, 2, 3(38); Skrifberyming 15-7:1, 2, 4 (43).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Emeritaatsversorging***
VANAAND: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir ***Proponente Hulpfonds*****)**

EREDIENS HUIS EIKELAAN: Vanmiddag vind die erediens in die kapel van Huis Eikelaan om 15:30 plaas onder leiding van prof Callie Coetzee. Ouderling aan diens: wyk 3 vakant en wyk 4 is Gideon Wentink.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEEGEVOEL

'n Swaer van **Alta Pretorius** is Donderdagaand oorlede. Ons betuig ons innige meegevoel aan haar en die hele familie Mag ons troue Verbondsgod sy ryke vertroosting gee.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Corrie Fourie is die afgelope week oorgeplaas na die versorgingsafdeling van Huis Anna Viljoen. Hy ondervind veral las van 'n besering aan sy voet wat nie wil herstel nie. Mag ons hemelse Vader aan hom en Jeanette sy trou liefde en genade betoon in hierdie tyd.

Ons verseker **André Joubert** van ons voorbidding vir hom. André moet in die komende dae roetine ondersoeke deur twee spesialiste ondergaan terwyl hy nou pal op suurstof is.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en deel in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het:

Ons dank ons hemelse Vader dat die inplanting van 'n pasaangeër vir **Charles Reinecke** suksesvol verloop het. Hy kon reeds Dinsdag ontslaan word. Ons verseker hom en Elsa van ons voorbidding vir die tyd van herstel.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

Welkom terug aan **Loffie** en **Tillie Eloff** wat terug is vanaf Kanada nadat hulle daar by hulle kinders gaan kuier het.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OM DIE KOUE TE VERDRYF?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

Geagte Bybelvennoot,

Ons nuutste uitgawe van *Die Saaier* is hier en dit is propvol stories oor mense wat 'n hart vir die Bybel het en dit met ander deel.

Dit is bemoedigend om die liefde te ervaar wat ons ondersteuners vir God se Woord het en die uiterstes waartoe hulle sal gaan om te verseker dat almal toegang het tot die evangelie in hul hartstaal. Jou dade maak 'n beduidende impak – of dit nou is om 'n verjaarsdag te gebruik as 'n geleentheid om Bybels te koop vir haweloses, of 'n taai wedloop met hart en siel te voltooi om fondse vir Bybels in te samel. Dit is duidelik dat daar verskeie maniere is vir elkeen van ons om 'n baie persoonlike en intieme rol te speel om die Woord van God aan ander beskikbaar te stel.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is ongelooflik geseënd om sulke toegewyde ondersteuners en donateurs te hê. U help ons om ons missie te vervul deur bekostigbare Bybels in verskillende tale en formate aan die mense van Suid-Afrika, asook buite ons landsgrense, te verskaf.

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek vir u aandeel om ons visie – 'n Bybel vir elkeen – 'n werklikheid te maak. U ondersteuning word opreg waardeer.

Hierdie Saaier is 'n bewys van die manier waarop God sy kinders as arbeiders gebruik om die groot oes in te samel (Matteus 9:37).

In diens van Christus
Ds Rodney van Wyk
Uitvoerende Hoof
e biblia@biblesociety.co.za
a t +27 21 910 8777

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	1/09	15:30	Erediens Huis Eikelaan om 15:30 Prof Callie Coetzee	**Kapel**
Di	3/09	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	4/09	18:00	Bybelstudie-Matteus, Studie 4	**Konsistorie**

KATKISASIE	**Sondag 1 September**	**Sondag 8 September**
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 20 Skrifberyming 1-2: 2b Sondag 46 Eksodus 20: 9	Les 21 Skrifberyming 1-2: 2 Sondag 47 Eksodus 20: 10
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 3 Graad 7: Wyk 4	Graad 1 & 2: Wyk 5 Graad 3 & 4: Wyk 6
Hoërskoolkatkisasie	Les 14	Les 15

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG OM 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament",* word behandel. Studie 4 uit die Matteusevangelie.

APPROBASIE

Die name van **André Vorster** en **Danie Erasmus** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Ons verseker ons broers van ons voorbidding vir hulle in die oorweging van hierdie roeping

BEVESTIGING AS DIAKEN

Nadat sy naam reeds genoegsaam afgekondig is in die gemeente sal **Gernot Schaaf** DV Sondag 8 September in die diens van diaken bevestig word. Ons dank die Here vir die gawes wat Hy aan Gernot gegee het, en bid Gernot ryke seën in sy dienswerk toe!

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Dag	Datum	Naam & van
Wo	04/09	**Pieter en Alta Hugo** (59 jaar)
Sa	07/09	**Jaco en Nicolene Coetsee** (5 jaar)

VAN DIE SUSTERS

Die Susterbestuur het vergader om die jaarlikse Oktoberfees te bespreek. Die verkoping vind plaas op

Saterdag 26 Oktober 2024

Indien u hulp wil aanbied kan u met een van die bestuurslede skakel. Die kontaknommers is op die kennisgewingbord in die saal Ons maak staat op ons gemeente se ondersteuning.

Nelly 072 733 5017

Die Susters se verkoping vind Saterdag 26 Oktober 2024 plaas en begin om 08:30 tot 12:00.

GEAGTE BROEDERS EN SUSTERS.

Ek sal graag weer tweedehandse of nuwe klere wat in u kaste in onbruik geraak het ontvang wat ek op my beurt kan uitdeel aan persone wat daarby baat sal vind.

Ek gee dit ook vir instansies waar die klerenood groot is.

Waar ek tans woonagtig is, is ek nie so maklik bereikbaar nie dus sal ek baie bly wees as u die klere by **Pieter Bouwsema** of **Malie Wyma** by die kerkkantoor sal afgee. Ek wil ook vra dat die klere skoon en heel sal wees. By voorbaat dankie *Ina Steyn*